

11 Junie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13:11-13
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:11-13

'n Pa groet sy kinders

Paulus praat aan die einde van sy brief soos 'n pa met sy kinders. Die laaste opmerkings is vermanend en bemoedigend.

Hy roep ons op om aan te hou om in blydskap te leef, omdat ons die groot geskenk van verlossing in Christus ontvang het. Uit dankbaarheid vir hierdie groot geskenk moet ons geloof sigbaar wees: Aanvaar dit as jy vermaan word, wees eensgesind en leef in vrede met mekaar. So 'n lewe loop uit op 'n liefdesgesindheid teenoor mekaar. Hoe nodig het ons nie die eensgesindheid, vrede en liefde vandag nie?

Om mekaar met 'n soen te groet, dui op 'n besondere band tussen mense. Die soengroet van gelowiges is nie anders nie. Hierdie gebruik kom waarskynlik uit die sinagogediens. Paulus vra dat die gelowiges mekaar na die aanhoor van sy brief moet soen. So beleef hulle die eensgesindheid en gemeenskap met mekaar en met Paulus op 'n sigbare en tasbare wyse.

Paulus gaan nog verder. As "pa" seën hy sy kinders in die Naam van die Drie-enige God. Hieruit kom weer die gemeenskap na vore. Ons is nie los van God en van mekaar nie, maar word deur die Heilige Gees aan God en mekaar gebind. So word jy ook in elke erediens geseën en weggestuur om jou lewe met die genade van Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap met die Heilige Gees voort te sit.

Jou Vader sorg vir jou!

Sing: Psalm 128:4

Ds. W Vogel (Cachet)